BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Maandag 30 Januarie 1978 — WINDHOEK — Monday 30 January 1978 — No. 3698

INHOUD:

Bladsy

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 6 Wysigingsproklamasie op Seevisserye, 1978 — 1

CONTENTS:

Page

**PROCLAMATION:**

No. AG. 6 Sea Fisheries Amendment Proclamation, 1978 — 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 23 Januarie 1978)*

No. AG. 6 — 1978

WYSIGING VAN DIE WET OP SEEVISSERYE, 1973 (WET 58 VAN 1973)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 28 Januarie 1978

BYLAE

*Wysiging van artikel 1 van Wet 58 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 22 van 1976*

1. Artikel 1 van die Wet op Seevisserye, 1973 (hieronder die Wet genoem), word hierby gewysig deur in die omskrywing van "adviesraad" die woorde "of, indien so 'n raad vir die Republiek en so 'n raad vir die gebied ingestel is, met betrekking tot 'n aangeleentheid in die Republiek, die adviesraad wat vir die Republiek ingestel is, en met betrekking tot 'n aangeleentheid in die gebied, die adviesraad wat vir die gebied ingestel is", te skrap.

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 23 January 1978)*

No. AG. 6 — 1978

AMENDMENT OF THE SEA FISHERIES ACT, 1973 (ACT 58 OF 1973)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 28 January 1978

SCHEDULE

*Amendment of section 1 of Act 58 of 1973, as amended by section 1 of Act 22 of 1976*

1. Section 1 of the Sea Fisheries Act, 1973 (hereinafter referred to as the Act), is hereby amended by the deletion in the definition of "advisory council" of the words "or, if such a council has been established for the Republic and such a council has been established for the territory, means, with reference to any matter in the Republic, the advisory council established for the Republic and, with reference to any matter in the territory, the advisory council established for the territory".

*Wysiging van artikel 2 van Wet 58 van 1973*

2. Artikel 2 van die Wet word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (1) die woorde "of, na gelang hy goedvind, so 'n raad vir die Republiek (uitgesonderd die gebied) sowel as so 'n raad", te skrap;

(b) deur in subartikel (2) die woorde " 'n Raad bedoel in subartikel (1)" deur die woorde "Die adviesraad" te vervang;

(c) deur in subartikel (6) die woorde "Adviserende Visserye-ontwikkelingsraad ingestel by artikel 21 van die Visnywerheid-ontwikkelingswet, 1944, en die" en die woorde "onderskeidelik die Republiek (uitgesonderd die gebied) en", te skrap; en

(d) deur die woorde "so 'n raad" oral waar dit in die artikel voorkom, deur die woorde "die adviesraad" te vervang.

*Kort titel*

3. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Seevisserye, 1978.

*Amendment of section 2 of Act 58 of 1973*

2. Section 2 of the Act is hereby amended —

(a) by the deletion in subsection (1) of the words "or, according as he may deem fit, such a council for the Republic (excluding the territory) as well as such a council";

(b) by the substitution in subsection (2) of the words "A council referred to in subsection (1)" for the words "The advisory council";

(c) by the deletion in subsection (6) of the words "Fisheries Development Advisory Council established by section 21 of the Fishing Industry Development Act, 1944, and the", the words "the Republic (excluding the territory) and" and the word "respectively"; and

(d) by the substitution of the words "any such council", wherever they appear in the section, for the words "the advisory council".

*Short title*

3. This Proclamation shall be called the Sea Fisheries Amendment Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.